13.14 BESKRYWINGSPUNT STREEKSINODE VRYSTAAT EN KWAZULU-NATAL AANGAANDE DIE BEREKENING VAN RAMINGS (Artt 199, 320)

13.14 POINT OF DESCRIPTION REGIONAL SYNOD FREE STATE AND KWAZULU-NATAL REGARDING THE CALCULATION OF "RAMINGS" (Arts 199, 320)

A. Die voorsitter stel die Beskrywingspunt.
The chairman tables the Point of description.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na die Finansiële Kommissie.
Decision: Referred the Point of description to the Financial Commission.
C. Dr EJ de Beer rapporteer namens die Finansiële Kommissie.
Dr EJ de Beer reports on behalf of the Financial Commission.
D. **Besluit:** Daar word nie gevolg gegee aan die Beskrywingspunt nie.
Decision: This Description point is not carried.

E. **BESKRYWINGSPUNT / POINT OF DESCRIPTION**

Hierdie Beskrywingspunt verreken die besluite soos geneem op die EVT-vergadering gehou te Potchefstroom op 30 Mei 2017 en die voorgestelde verhoging van die ramings.	This Point of description takes the decisions taken at the EVT-meeting held in Potchefstroom on 30 May 2017 and the proposed increase in the "ramings".
Voorstel Openbaring 1:13 leer ons dat Christus Self sy kerk regeer en daaroor waak. Verder is daar die verantwoordelikheid van kerke om ook mekaar te versorg. Daarvan lees ons in Handelinge 11:27-30 en ook so in Romeine 15:25-28 – daar lees ons weer dat Macedonië en Achaje dit goedgevind het om iets by te dra. Met hierdie Beskrywingspunt en bogenoemde verwysings, bevestig ons opnuut dat gemeentes vir mekaar sorg moet dra, maar voel dat die wyse hoe dit geskied, in herbesinning geneem moet word.	**Proposal** Revelations 1:13 teaches us that Christ Himself governs His church and watches over it. Furthermore, there is the responsibility of churches to take care of each other, of which we read in Acts 11:27-30. In Romans 15:25-28 again, we read that Macedonia and Achaea were pleased to contribute something. With this description and the above-mentioned references, we reaffirm thus that the congregations should take care of each other, but feel that the way in which this happens must be reconsidered.
'n Voorstel van die Streeksinode dat daar 'n maksimum persentasie vasgestel word met inagneming van elke plaaslike gemeente se totale finansiële bydraes. Die ramingspersentasie moet dus beperk wees in verhouding tot 'n gemeente se totale bydraes.	A proposal by the Regional Synod is that a maximum percentage (for contributions) is set, taking into account the total financial income of each local church. The "ramings" percentage must therefore be limited to a congregation's total income.
'n Verdere voorstel is om elke plaaslike gemeente die ruimte te laat om self Skriftuurlik te beoordeel en daarvolgens rekenskap te kan gee, oor watter ramings hulle hulself kan verantwoord voor die Here. Ons erken dat alle bydraes uit die hand van die Here kom – soos Hy aan lidmate voorsien. Verder is dit die taak van elke plaaslike	A further proposal is to allow each local congregation, to decide on Scriptural grounds which contributions they can account for the Lord. We acknowledge that all offerings come from the Lord as He provides to members. In addition, it is the responsibility of each local congregation, in good conscience before the Giver of all good

gemeente om sorgvuldig en in goeie gewete voor die Gewer van alle goeie gawes, die betrokke dankoffers vanuit die gemeente verantwoordelik aan te wend. Die bydraes wat die plaaslike gemeente van die lidmate ontvang, word eerstens aangewend rakende die instandhouding vir plaaslike Woordverkondiging.	gifts, to distribute their offerings responsibly. The offerings received by the members of the local congregation must first be applied to ensure local preaching of God's Word.

F. **RAPPORT VAN DIE FINANSIËLE KOMMISSIE / REPORT OF THE FINANCIAL COMMISSION**

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem	**1. Matters that the Synod take note of**
1.1 Die grootste gedeelte van die ramings, aan die meeste kerke, is die Emeritaatsversorging.	1.1 The biggest part of the "ramings", to most of the churches, is the "Emeritaatsversorging".
1.2 Die Administratiewe Buro gee intensiewe aandag aan die bepaling en invordering van ramings, sodat dit so regverdig en effektief moontlik gehef word.	1.2 The Administrative Bureau gives intense attention to the determining and collection of "ramings", for it to be collected as effectively and fairly as possible.
1.3 Die Kommissie het die finansiële state van die Administratiewe Buro onder oë gehad, en is oortuig dat daar goeie beheer is oor uitgawes.	1.3 The Commission studied the financial statements of the Bureau and is convinced of sound management of the finances.
1.4 Verskeie kerke het voorstelle aan die Administratiewe Buro gegee, en kerke is steeds welkom om voorstelle vir verbetering van die ramingstelsel aan die Administratiewe Buro deur te gee.	1.4 Some delegates provided suggestions to the Administrative Bureau and churches are still welcome to send suggestions for improvement to the "ramings"-system.
1.5 Kerke word opgeroep om ag te slaan op die kommunikasie wat van die Administratiewe Buro af na die kerke toe gestuur word, en om die YouTube inligtingsvideo op die webblad te kyk.	1.5 Churches are called to take the communication from the Administrative Bureau into consideration, and to watch the informational YouTube Video on the website.
1.6 Die Beskrywingspunt impliseer 'n afslag vir sekere kerke, sonder om aan te dui waar die tekorte as gevolg van daardie afslag dan verhaal kan word nie.	1.6 The Description point implies discount for certain churches, without indicating where the shortages because of this discount can be recovered.
Besluit: Punt 1.1 tot 1.6 kennis geneem.	**Decision: Points 1.1 to 1.6 noted.**
2. Sake waaroor Sinode besluit	**2. Matters that the Synod decide on**
2.1 Daar word nie gevolg gegee aan die Beskrywingspunt nie.	2.1 This Description point is not carried.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**